# Gebede deur Nico Koopman 14

27 Mei – 3 Junie 2021

**Donderdag 27 Mei**

Lord, You lead us with the column of clouds by day, and the column of fire by night (Exodus 13:21-22). Amidst so much uncertainty and unpredictability, the clouds and the fire from heaven bring certainty and assurance, predictability and direction.

xxxxxx

Heilige Gees, vernuwe die verhouding van heteroseksuele geliefdes en LGBTIQA+ geliefdes. Verwyder vooroordeel en diskriminasie. Verwyder die liefdelose beskouing by sommige dat LGBTIQA+ geliefdes abnormaal is. Laat ons onthou elkeen van die grote diversiteit van God se mense het waardigheid gelykstaande aan die waardigheid van elke ander mens; en laat ons die uniekheid van elke mens erken en waardeer.

**Vrydag 28 Mei**

When loved ones are hospitalised and we cannot visit and touch and embrace and comfort them, open our eyes and let us see Your presence in the column of clouds by day and the column of fire by night (Exodus 13:21-22) - Your guiding presence, Your guarding presence, Your curing presence, Your caring presence, Your calming presence, Your consoling presence, Your healing presence, Your holy presence.

xxxxxxxx

Heilige Gees, vernuwe asseblief al ons verhoudinge, digby en vêraf, boweal ons verhouding met U. Laat ons honger vir ‘n bewustelike, doelgerigte wandel met God. Laat ons hunker na ‘n lewe voor Gods Aangesig van toegeneëntheid. Laat ons elke oomblik leef met God-bewustheid, met die blye wete God is by my teenwoordig, met my onderweg, nooit teen my nie maar intens vir my. God is tegelyk hoog verhewe én hier in my hart. En God fluister heeltyd in my oor. En ek en God “kodesa” elke oomblik. En ek en my Hemelse Ouer lag selfs stilletjies saam as ek met ‘n oogknip sê, U ou seuntjie staan wraggies al swaarder op in die oggend! En ons voel saam as ek sê U ou seuntjie voel rêrig nie lekker vandag nie. En ons leef nie net horisontaal nie, maar eerste en voortdurend vertikaal. En dié wat by my is, is meer

as dié wat by hulle is. En ons ervaar God maak ons meer as oorwinnaars in alle omstandighede. Gees, gee ons voortdurend hierdie God-bewustheid.

**Saterdag 29 Mei**

Covid time - a time of strangeness; a time of disruption of rhythm and routine and rule and ritual and recipe. Thank You, Lord, for the column of cloud by day, and the column of fire by night (Exodus 13:21-22), which signify the presence and guidance, the biblically revealed familiarity and securedness and rhythm of the Rock of Ages, also of the ages of strangeness and uncertainty and rhythmlessness. Help us to remember the clouds and the fire from heaven.

xxxxx

Liewe Here, dankie vir die verhoudinge en bande wat U skenk in familiekring. In sommige kulture en families word dié bande uitgedruk met woorde soos boetie, sussie, ousus, suster, broerie, ouboet, kleinsus, grootma, anderma, grootpa, boeta, grootboetie, kleinboetie, nanna, nannie, neef, nig, cousie en dies meer. Here, dankie vir die eer en intimiteit, vir die liefde en behoort aan mekaar wat dié titels begeer en beliggaam. Só verwoord broer en suster, geliefde en dierbare, kollega en kameraad in die kerk, werk en vriendekring ook erende verbondenheid. Here, dankie vir Godgegewe verbande en verbondenheid waarin ons elke dag leef.

**Sondag 30 Mei**

Heavenly Parent. We live with só much explicit and subtle fear; só much conscious and subconscious fear, especially fear for finitude; fear that the good life and the goods of life we have, will come to an end; fear for loss of the necessities and goods of life; fear for loss of health as strength for life; fear of death. Earthly goods and earthly life come to an end, yet, today we praise Thee for what will never come to an end, namely love (1 Corinthians 13:8)!!! Die liefde vergaan nimmermeer!!! Oh Lord, the eternal love in Your heart, and the eternal love that You plant in our hearts for You and each other, goes beyond earthly boundaries of place and time. This love for dear ones is as strong when they have passed on as it is while they are alive on earth. This love that is here now, will be there when we celebrate eternity in full measure in our Heavenly Parental Home.

xxxxxxx

Here, ons gaan kerk toe, want in aanbidding leer ons geduld aan. Geduld is die krag om te wag en te verdra en te dra. Geduld is die begrip dat op die pad tussen waar ek is en waar ek wil wees struikelblokke is, en frustrasies, terugslae, my eie gebreke, ander se gebreke, menslike broosheid, onvoorsiene gebeure, verkeerde beplanning en tydslyne, uiteenlopende en selfs botsende verwagtinge en prioriteite. Here, geduld groei mos waar ons vooraf en deurlopend vir sake soos hierdie begroot. Heilige Gees, maak ons asseblief geduldig.

**Maandag 31 Mei**

Lord, thank You for the wonderful knowledge that, amidst finitude, one thing never ends, namely love (1 Corinthians 13:8). Love  lasts forever. It goes over and beyond the boudaries of earthly life and death. Love means You choose us; You commit Yourself to us; You feel for us; You have compassion for us; you enter into an eternal contract with us. Lord, let this eternal love, for You and each other, this  eternal choice, commitment, compassion, contract grow in our hearts.

xxxxxxx

Maak ons geduldig Here. Ons geduldsvlakke styg as ons begroot vir struikelblokke op die pad tussen waar ons is en waar ons wil wees. Heer, een strukkelblok is swak tydsbestuur, veral die oorskatting van hoe lank ‘n taak of aktiwiteit sal neem. Maak ons geduldig Heer, onder meer deur wyser tydsbestuur. Wyse tydsbestuur is ‘n gewigtige saak, Heer. Dis die regte benutting en genieting van die kosbare lewensgawe, tyd, trouens die lewe self, wat U skenk. Wyse tydsbestuur is dus ten diepste beskeie en wyse lewensbestuur.

**Dinsdag 1 Junie**

Lord, thank You that the love that You plant in our hearts does not dry up, does not die (1 Corinthians 13:8); that it transcends all boundaries, even the boundaries of earthly life and death; that it is there even if it cannot always be expressed in concrete deeds, even if the loved one can merely say: “I know you wanted to do more, but my child, Mom is thankful for the mere thought and intent. Dankie vir die gedagte, my kind.”

xxxxxx

Heer, maak ons geduldig. Geduld groei waar ons  van rat kan verwissel; waar ons in nuwe raamwerke kan funksioneer; waar ons kan her-raam, "reframe"; waar ons besef ons moet dalk nie langer 'n oop deur soek nie, maar 'n oop venster; waar ons besef ons moet straks noord eerder as oos reis; waar ons besef ons moet straks vyf eerder as agt take probeer inpas. Heer, maak ons asseblief geduldig en gepas aanpasbaar, en wyslik her-raambaar.

**Woensdag 2 Junie**

Lord, thank You that amidst finitude, love is lasting (1 Corinthians 13:8). Love lasts in life and in death, in health and in sickness, in wealth and in poverty, in prosperity and in adversity, in joy and in sorrow. In an ocean of finitude, love is an island of permanence. Hallelujah!!!

xxxxxxx

Here, gee ons geduld, die krag om te dra, om ook seerkry en smart te dra, siekte en sterfte, teleurstelling en tragedie, sukkel en stukkendheid, trane en treur, lyding en leed. Laat ons ervaar dat die God van Golgota, die God van die kruis, ons dra, en ons troos en versterk, en ons vrede gee wat alle verstand te bowe gaan.

**Donderdag 3 Junie**

Lord, thank You for your permanent love for us (1 Corinthians 13:8). Your love for us tells us we are fallible and imperfect, but we are never judged, rather forgiven; never rejected, rather always accepted; never excluded,  rather always included; never inferior, rather always dignified, always of equal worth and value and esteem and dignity. Your dignifying love for us lifts us up, and makes us say: I am permanently loved and accepted and embraced and cherished by God and God's, therefore I am!!!

xxxxxxx

Heer, maak ons geduldig. Geduld groei waar ons die vermoë ontwikkel om die bevrediging van kort-termyn behoeftes uit te stel ter wille van die bereik van lang-termyn doeleindes. Laat ons onthou die vergestalting van hierdie kapasiteit is die lakmoestoets vir 'n individu se vlak van volwassenheid en 'n samelewing se vlak van kollektiewe omgee.